**KINGSWOOD COLLEGE**
**DEPARTEMENT AFRIKAANS**
**NASIENRIGLYNE**
**GRAAD 12**
**TAALTOETS – MAART 2016**

==========================================================================

**<u>Vraag 1 – Sinstrukture</u>**

**GEEN halwe punte mag toegeken word nie**

1. Mitchell Gardener het eergister lank by die gimnasium geoefen om van sy frustrasies ontslae te raak. (1)

2. Cobus praat baie goed mondeling, want hy berei altyd baie goed voor. (1)

3. In die verlede het Joshua sewe katte en drie honde by sy ouerhuis gehad. (1)

4. In die toekoms sal Luke ’n vrugteboord met baie perskes op sy plaas hê. (1)

5. Drie koppies koffie word elke oggend voor sy skool toe kom vinnig deur Kirsten gedrink. (1)

6. Gabriel het vir Lizzy gesê dat hy baie lief vir haar is. (1)

7. Ashleigh behoort daagliks die kantoor te besoek om met mnr. Trafford te praat. (1)

8. Stuart oefen gereeld vir die seilkampioenskappe, daarom is hy ’n goeie sportman. (1)

9. In die verlede het Jimmy baie tyd in die gimnasium spandeer om groot spiere te bou. (1)

10. Laas jaar het Alexa elke week haar sinstrukture geoefen, want sy wou goed vaar in die toets. (1)

11. Olehile het gevra waarom hulle nooit hulle Wiskunde-huiswerk doen nie. (1)

12. Meneer Scholtz behoort daarvan te hou om die KKNK te besoek. (1)

13. Eergister het meneer Jansen by die musiekaand gesing en gedans. (1)

14. Haar bulhond, Daisy, word weekliks vinnig deur mejuffrou Bakkes by die huis gebad. (1)

15. Meneer Koen is baie bang vir slange; gevolglik hardloop hy sommer vinnig weg. (1)

16. Nee, Bradley het nog nooit met die matrieks geraas nie. (1)

17. Om aandagtig te kan luister sit Weston altyd voor in die klas. (1)

18. In die toekoms sal Harry baie daarvan hou om begripstoetse te skryf. (1)

19. Motsamai vra vir Jordan of hy gister / die vorige dag sy potlood geleen het. (1)

20. Moenie dadelik julle toetse in julle portefeuljes sit nie. (1)

**[20]**

==========================================================================

NASIENRIGLYNE

Vraag 2 – Woordstrukture

**Korrekte spelling word vereis. ½ punt per korrekte antwoord.**

1. skooltjie
2. beste
3. doodbang
4. smoorkwaad
5. byvoorbeeld
6. onderwysers
7. kliphard
8. Mevrou **(hoofletter!)**
9. ma’s
10. grasgroen
11. smoorverlief / dolverlief
12. sterker
13. boompies
14. hoedjie
15. knieë
16. Suid-Afrika
17. doodgelukkig / dolgelukkig
18. springlewendig
19. wêreldberoemd
20. konings

**[20 x ½ = 10]**

==========================================================================

**GROOTTOTAAL: [30]**

NASIENRIGLYNE